
# Die Sierduif
# The Fancy Pigeon

Oktober 2022



*Hamburgh Schimmel*

*For the love and care of Fancy Pigeons / Vir die liefde en versorging van Sierduiwe*

*Official mouthpiece of SAFPA / Amptelike mondstuk van die SASV*

## Indeks / Index


| | |
|---|---|
| Editors Page / Redakteur se blad | 2 |
| Redaksioneel / Editorial | 2 |
| SABRU & WRU Birmingham Roller skoue Nando Oosthuizen | 3 |
| SA's 2022 - Pieter Neethling | 6 |
| Article written by Peggy Adamson - At Nigrini | 7 |
| Vir jou vandag - Christo Munnik | 8 |
| Stukkende stukke - Christo Munnik | 10 |
| Hartoorplanting Simon Jordaan | 11 |
| Scoreboard and Rules | 12 |


## Birthdays /Verjaarsdae

| | | |
|---|---|---|
| **W071** | **Koos Conradie** | **01-Nov** |
| **B067** | **Pieter Duvenhage** | **02-Nov** |
| **S001** | **Jan Coetzee** | **02-Nov** |
| **W070** | **Johan de Kok** | **03-Nov** |
| **K017** | **Mubarak D Vaja** | **04-Nov** |
| **D019** | **Piet Pretorius** | **06-Nov** |
| **D022** | **Hein Hoffman** | **07-Nov** |
| **K045** | **Lionel Phillips** | **07-Nov** |
| **H080** | **At Nigrini** | **08-Nov** |
| **D040** | **Frik Butler** | **09-Nov** |
| **A035** | **Hennie Loots** | **10-Nov** |
| **C038** | **Hennie Visagie** | **11-Nov** |
| **W002** | **Frik Schoeman** | **12-Nov** |
| **C023** | **Jannis Esterhuizen** | **12-Nov** |
| **W026** | **Bertie Wessels** | **12-Nov** |
| **W038** | **Kitty Botes** | **12-Nov** |
| **N026** | **Wayne Nicholson** | **17-Nov** |
| **N056** | **Shane Pollock** | **19-Nov** |
| **V057** | **Willem Nel** | **21-Nov** |
| **J002** | **Johan Nel** | **22-Nov** |
| **B062** | **Brent Axsel** | **23-Nov** |
| **H082** | **Theodore Kruger** | **23-Nov** |
| **B004** | **Nollie Oosthuizen** | **24-Nov** |
| **H074** | **Raheel Moolla** | **24-Nov** |
| **K027** | **Pearl Strydom** | **26-Nov** |
| **H063** | **Pieter Neethling** | **27-Nov** |
| **B059** | **Chris Engelbrecht** | **28-Nov** |
| **B024** | **Willie van Zyl** | **28-Nov** |
| **B072** | **Victor Hattingh** | **28-Nov** |
| **C051** | **Nico Taute** | **30-Nov** |
| **C005** | **Simon Jordaan** | **30-Nov** |

## New Members / Nuwe Lede

### Noord-van-die-Vaal

MARISE BRITZ B040
JOHAN CRONJE B047
GJ SWART B052

### Oostelike Streek

CHRISTIE ROUX C028

### Oostelike Provinsie

WILLIE THYSSE K024

### Vrystaat

JF JANSE VAN RENSBURG V062
FRIKKIE MOSTERT V061

### Noord Vrystaat

DERICK DE GOUVEIA W089

***KENNISGEWING PRESTIGESKOU: S.A. – SPONSDUIFKLUB***

***Kennis geskied hiermee van die volgende prestigeskou van die S.A. Sponsduifklub. Dit-verteenwoordig die volgende rasse:***

***Dragoon***
***Carrier***
***Engelse Barb***
***Indianer.***

***Alle telers van hierdie rasse is welkom om die skou by te woon en hul duiwe te kom vertoon en om terselfdertyd mede-telers te ontmoet en dalk te onderhandel oor die aankoop of uitruil van duiwe waarmee weer geteel kan word.***

***Die besonderhede is die volgende:***

***Datum: 21 Januarie 2023.***

***Plek: Noord-Vrystaat se duiwesaal op die terrein van die A. P. Kerk, Kroonstad.***

***Tyd: Inhok vanaf 07:00.***

***Jaarvergadering : 08:30***

***Beoordeling van duiwe begin direkna die Jaarvergadering.***

***Beoordelaars: Dragoons – Gert Venter***
***Carriers – Bertie Wessels***
***Barbs en Indianers – ds. Hennie Hattingh.***

***Pryse: Verskillende sertifikate en trofees in kleurklasse kan gewen word. Aan die einde van die skou word die kampioen – en reserwe kampioen sponsduifaangewys.***

***Na die skou is daar 'n bring en braai waar elkeen verantwoordelik is vir sy eie eet – en drinkgoed asook eie eetgerei.***

***Belangstellendes wie inskrywings vorms wil ontvang is welkom om ds Hennie Hattingh by 0829233910 of by e-pos: henniehattingh703@gmail.com te kontak, Ons sal graag help.***

**Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538**

**National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873**

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538



## *SABRU & WRU Birmingham roller Skoue*

***Nando Oosthuizen***

Ek was bevoorreg om in die maand van September twee Unie Birminghamskoue by te woon en ook deel te neem. Dit was albei baie lekker skoue gewees. Die was ook die eerste keer wat ek geskou het wat dit nie in die SASV was nie en ek moet sê dit was heeltemal 'n ander ondervinding. Die S.A.B.R.U skou van die 3de September was gehou by die Horizon Pigeon Club en was 'n geslote skou net vir die lede van die Unie. Daar was 96 duiwe ingeskryf  in 4 afdelings naamlik,Jong Mannetjies, Ou Mannetjies, Jong Wyfies en ou Wyfies. Die eerste drie plekke van elke afdeling is gekies wat dan die top vier sou bepaal. Oom Hennie Cloete was die beoordelaar.

**Uitslae was as volg:**

**Ou Mannetjies - 23 inskrywings**

1. Quinton Heymans
2. Nando Oosthuizen
3. Albert Walles

**Ou Wyfies - 32 inskrywings**

1. Hennie Pfhal
2. Hennie Wagner
3. Hannes Rossouw

**Jong Mannetjies - 18 inskrywings**

1. Hannes Rossouw
2. Sparks Axsel
3. Sparks Axsel

**Jong Wyfies - 23 inskrywings**

1. Nando Oosthuizen
2. Albert Wallis
3. Riaan Nuade

**Top 4 Utslae:**

4de Beste op Skou



Swart Self Wyfie van Nando Oosthuizen

3de Beste op Skou



Blou Geruit Self Mannetjie van Hannes Rossouw

Reserwe Kampioen



Rooi Bont Wyfie van Hennie Pfahl

Kampioen Duif



Rooi Gebalkte Mannetjie van Quinton Hyemans

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229



Die saal en inskrywings



Hennie Cloete Besig met beoordeling en vertoners wat luister



Trofees en wen duiwe



Hennie Cloete vat 'n "smokebreak"

Die WRU Skou van die 16de September was gehou by die Florida Tennisklub en was 'n ope skou vir enige Birmingham Roller teler. Daar was 81 duiwe op die skou waarvan daar vier afdelings was naamlik Jong Mannetjies, Ou Mannetjies, YoJong Wyfies en OU Wyfies. Daar is 'n top drie in elke afdeling aangwys. Die vier beste duiwe is dan teen mekaar beoordeel om die Kampioen duif op skou te kies. OomHennie Cloete was weer die Beoordelaar.

**Die uitslae was as volg:**

**Ou Mannetjies - 25 inskrywings**

1. Hennie Pfahl
2. Nando Oosthuizen
3. Hennie Pfahl

**Ou Wyfies - 22 inskrywings**


# Birmingham Roller Vertoners Klub



President: Christo Munnik
e-mail: cora.christo@gmail.com
Sel: 076 391 5800

Sekretaris: Attie van Aswegen
e-mail: attievanaswegen@gmail.com
Sel: 082 411 8483

April 2022



1. Nando Oosthuizen
2. Wian Botha
3. Noco Herbst

**Jong Mannetjies - 19 inskrywings**

1. Nando Oosthuizen
2. Nico Herbst
3. Ewald Botha

**Jong Wyfies - 15 inskrywings**

1. Nando Oosthuizen
2. Nando Oosthuizen
3. Nico Herbst

**Kampioen duif op skou**



Nando Oosthuizen

Altwee die Skoue was baie lekker gewees en dit was goed gewees om nuwe telers te ontmoet. Na ek met 'n klomp ouens gepraat het by die skou en deur die jaar by van die SASV skoue oor die Birmingham Roller ten opsigte van vlieg, rol,tipe en skou het ek iets agtergekom en dit is dat mense sit die roller in twee afdelings of 'n vlieg tipe en 'n skou tipe.

In 1932 het Pensom die standaard en tipe van die Birmingham Roller geskryf nie dat die duif so moetlyk soos die foto hier onder en om skoue te wen nie maar om die hoë spoed teen wat die duif rol te kan hanteer sonder om foute te maak, elke deel van die Birmingham Roller van die kop tot by sy stert was geidentifiseer hoe dit moet lyk vir die rol.




**Quotes from Bill Pensom on The Standard**


"The difference between any other breed and the Birmingham Roller is that other breeds have a standard to which the respective fanciers cultivate their stock, and until such is attained, they value their stock accordingly, whilst those of us who breed Birmingham Rollers avoid our standard.

There cannot be any excuse by those of many years' experience in saying that there is not a standard, or that they do not know of its existence. If everyone were to keep in mind this all-important fact, then as pigeon fanciers we could claim, on equal terms with all others, a breed to be honored as one of the most unique creations in existence"

Bill Pensom, 1934

Ek sal probeer om met die lede van die BRVK, SA-

Christo Munnik
Nasionale Beoordelaarsbeampte



Teel met Roller duiwe vanaf 1963
en met Birmingham Rollers vanaf 1980
Teel nou ook weer met Barbs
e-mail: cora.christo@gmail.com
Sel: 076 391 5800




Oktober 2022

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538
National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

BRU en WRU te reël dat ons nog probeer in die jaar ‘n groot Birmingham Roller dag hou sodat die twee wêrelde van vlieg en skou by mekaar kan uitkom, die standaard van die Birmingham Roller te bespreek en hopelik kan ons almal wat die ras teel op die selfde bladsy kry. die tipe van die duif reg deur almal se hokke al vlieg jy net of skou net die selfde te kry want op die einde van die dag bly dit ‘n “double purpose” duif.



***SA’s 2022***

***Pieter Neethling***

SA’s het gekom en gegaan met ‘n teleurstelling van minder duiwe, minder vertoners, minder geld. Minder in alles, maar meer gekry as wat ons vir gedroom het. Wonderlike borge, hoofsaaklik deur Oom Nak Smit bymekaar gesit en ons alles kon doen in oorgawe.

Die Saterdag aand het ons al duiwe begin hok met gretige vertoners. Die Sondag het onsself gehok en skou het begin lyf kry.

Maandag heelwat meer duiwe van Dinsdag oggend die laastes in tot Woensdag oggend. Ons saal het baie mooi gelyk met alles so na as perfek vir ons vertoners. My, Vuyo en Ashley, ook lede het my gehelp om dit mooi en afgerond te kry. 2 knap manne met baie trots die job gedoen.

Warm atmosfeer met die wat wou kom en geskou met oorgawe. Alles het geloop volgens plan. Lekker kos is bedien in die tyd en heel bekostigbaar, elke ete het sy komplimente gekry.

Maandag aand het ons afgeskop met ‘n kuier by my en Natalie aan huis. Afval pot en ‘n Ark pot, roosterkoek en ons het geëet. Hulp van Brandweer en Christo het hul die groente geskil vir die groot eet. Almal het hul gate uit geniet wie daar was. Die tafel was stofdig gesit en dood stil, net messe en vurke op die bord is al was ons gehoor het.

Dinsdag aand het ons verwelkoming funksie gehad en gees is gevang. Oom Pierre het vir ons die opening en verwelkoming gedoen.

Woensdag geskou en beoordeel, Oom Jas van Niekerk was ons Hoof beoordelaar en ‘n taak wel gedaan. Die aand het ons ‘n snoekbraai en patat gehad, liplek lekker.




Plakkerskamp Boerdery

Stantonstraat 1, Fichardpark, Bloemfontein.
Selfoon: 082 378 6447
Epos: plakkers@wol.co.za

Teler van: Brunner Pouters in Wit, Blou, Bruin & Swart
Teler van die Reserwe Kampioen duif tydens
2022 SA Kampioenskapskou
Teel ook: Norwich Kroppers in Rooi, Mealy & verwante kleure




Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

Duiwe was van goeie standaard en het die taak vergemaklik vir die beoordelaars.

Donderdagaand was ons prysuitdeling funksie en weereens ‘n puik geleentheid. Musiek van Jannie en sy neef, was lekker om na hul te luister.

Donderdag en Vrydag beoordelaars getoets om ‘n paar nuwe manne in gekry vir die taak vorentoe. Vergaderings vir spes klubs is ook gehou en daar was opgewondenheid vir die jaar vorentoe.

UK en Jaarvergadering het ook goed afgeloop en ons bou voort op ons stokperdtjie. Ja, so het die skou ook tot ‘n einde geloop, duiwe gepak en gegroet en die lang pad terug gevat na hul huise met nuwe vriendskappe gesmee.

Skou afgebreek en 2022 se herrineringe weg gepak en kon koester. Dankie vir elkeen wat ons kom ondersteun het, ons waardeer jul geweldig baie.

Dankie vir jul liefde vir die Duif.

Sien uit na weersiens met SA’s 2023.

Groetnis
Pieter



***Article written by Peggy Adamson, Damasyn Dobermans***

***Submitted by At Nigrini***

A breed will stand or fall according to its breeders - not its loyal fanciers, not its judges and handlers, not its exhibitors and trainers. For the breeder is the only link between the past and the future; only through him can the breed stay alive.

Like the sculptor, the painter, the poet, he is driven by creative compulsion. But he, more than any of the others, is caught up in the race against time. The sculptor works in stone; his mistakes can be changed by the chisel. The breeder works with flesh; his mistakes may take generations to correct. The sculptor can put his work away and eventually come back to it; the breeder is a captive of his breed and can never really leave it.

Why then does a breeder stay a breeder? The answer is, that of all the activities in the dog sport, he alone has the joy of creation and the pride of enduring handiwork!

When proud owners bring back a fine animal for him to see years after it was sold by him as a puppy, he notes with a thrill how it has developed in just the way he thought it would. While they are happily telling him what a marvelous creature this is, he is scarcely listening as he stares at the dog; for he is not only seeing what they are, but so much more.

With mounting excitement, he watches that imperious stance, so familiar, that proudly arched neck


Cora Munnik
Nasionale Redakteur



Teel met Portugueses Tumblers
Old German Owls
en Domestic Showflights
e-mail: coramunnik@gmail.com
Sel: 076 313 2873




Oktober 2022

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

and the keen steady gaze right out of the past; he does not see just ONE handsome dog standing there before him, but all the wonderful ones which went into the making of this one - dogs which he loved and knew so well..and now sees living again. This is the fascination of the breeder. This is the treasure of eternal youth!

**At Nigrini se antwoord aan die ASR lede**

As jy nou mooi gelees het, wie jy is en wat jy eintlik doen as jy stoet diere teel, en jy besef die krag wat ons Skepper in jou brein gesit het, en die Goddelike vreugde wat deur jou spoel wanneer dit met jou gebeur dat jy dit reg gekry het om daardie duif te teel wat beter as goed is, moet jy weet dat die vrugte wat jy pluk jy moet oppas, en bewaar. En jy moet dankbaar wees vir die gawe wat God jou gegee het om die standaard te kan lees en te verstaan, want jou werk, nes soos om Bonsais in style te maak nooit ophou nie, want die boom lewe en groei en hy moet beheer word, anders word hy net weer takke en blare, net jy en jy alleen kan jou planne maak en besluit wat jy wil doen, lekker teel manne.



***Vir jou vandag***

***Ingestuur deur Christo Munnik***

**Vir jou vandag**

Hierdie is een van die mooiste en saggeaardste artikels wat ek in ‘n rukkie gelees het: geen politiek, geen godsdiens en geen rassekwessies nie - net stof tot nadenke.

Jy weet …… tyd het ‘n manier om vinnig te beweeg en jou onbewus te vang van die jare wat verbygaan. Dit lyk net gister of ek jonk was en my nuwe lewe aanpak. Tog lyk dit op ‘n manier soos eeue gelede, en ek wonder waarheen al die jare heen gegaan het. Ek weet dat ek hulle almal geleef het. Ek het ‘n blik op hoe dit destyds was en van al my hoop en drome.

**Hier is dit egter …… die laaste kwart van my lewe en dit verras my.**

Hoe het ek so vinnig hier gekom? Waar het die jare heen gegaan en waarheen het my jeug gegaan? Ek onthou goed hoe ek ouer mense deur die jare gesien het en gedink het dat daardie ouer mense jare van my af was en dat ek net op die eerste kwartaal was en dat die vierde kwartaal so ver was dat ek dit nie kon visualiseer of ten volle kon indink wat dit sou wees nie.

Tog, hier is dit …… my vriende is afgetree en word grys – hulle beweeg stadiger en ek sien nou ‘n ouer persoon. Sommige is in ‘n beter en sommige slegter vorm as ek, maar ek sien die groot verandering. Hulle is nie soos dié wat ek onthou wat jonk en lewendig was nie … maar soos ek, begin hul ouderdom wys en ons is nou daardie ouer mense wat ons vroeër gesien het en nooit gedink het ons sou word nie.


George Nell



Teel met Syrian Dewlaps
en gaan poog om met hulle te vlieg
e-mail: georgenell42@gmail.com
Sel: 083 536 6917

Oktober 2022




We bpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229

Elke dag nou vind ek dat net ‘n stort ‘n ware teiken vir die dag is! en ‘n slapie is nie meer ‘n bederf nie, dis verpligtend! want as ek dit nie uit vrye wil doen nie, raak ek aan die slaap waar ek sit!

En so …… nou gaan ek hierdie nuwe seisoen van my lewe binne, onvoorbereid vir al die pyne en die verlies aan krag en vermoë om dinge te gaan doen wat ek wens ek gedoen het, maar nooit gedoen het nie! Maar ten minste weet ek dit, al is ek op die laaste kwartaal en ek is nie seker hoe lank dit sal duur nie, dat wanneer dit verby is op hierdie aarde ... dit verby is.

**‘n Nuwe avontuur sal begin!**

Ja, ek is spyt. Daar is dinge wat ek wens ek het nie gedoen nie …… dinge wat ek moes gedoen het, maar daar is waarlik baie dinge wat ek gelukkig is om te gedoen het. Dit is alles in ‘n leeftyd. So, as jy nog nie op die laaste kwartaal is nie, laat ek jou herinner dat dit vinniger hier sal wees as wat jy dink. So, wat jy ook al in jou lewe wil bereik, doen dit vinnig!

Moenie dinge te lank uitstel nie! Die lewe gaan so vinnig verby. So, doen wat jy kan vandag, want jy kan nooit seker wees of jy op die laaste kwartaal is of nie! Jy het geen belofte dat jy al die seisoene van die lewe sal sien nie.... so, leef vir vandag en sê al die dinge wat jy wil hê jou geliefdes moet onthou - en hoop dat hulle jou waardeer en liefhet vir al die dinge wat jy vir hulle gedoen het in al die jare wat verby is!

Lewe’ is ‘n geskenk aan jou.

Wees gelukkig!

Lekker dag!

Onthou, dit is gesondheid wat ware rykdom is en nie stukke goud en silwer nie. Jy mag dalk dink; Om uit te gaan is goed - maar om huis toe te kom is beter! Jy vergeet name – maar dis oukei, want sommige mense het vergeet hulle ken jou selfs! Jy besef jy gaan nooit regtig goed wees in iets soos gholf nie – maar jy hou van die buitelewe!

Die dinge wat jy vroeër omgegee het om te doen, stel jy nie meer so belang in nie - maar jy gee regtig nie om dat jy nie so belangstel nie. Jy slaap beter op ‘n sitkamerstoel met die TV aan as in die bed - jy noem dit ‘pre-sleep’! Jy mis die dae toe alles gewerk het met net ‘n ‘Aan’ en ‘Af’ skakelaar!

Jy is geneig om meer 4-letter woorde te gebruik - ‘wat’ en ‘wanneer’ Jy het baie klere in jou klerekas, waarvan jy meer as die helfte nooit sal dra nie – maar net vir ingeval!



Oud is goed -

- Oud is gemaklik
- Oud is veilig
- Ou liedjies
- Ou flieks
- …… en die beste van alles,
- Vriende van ouds!

So, bly gesond, ‘Ou vriend!’ Geniet ‘n fantastiese dag! Geniet ‘n wonderlike kwartaal - in watter een jy ook al is! Kyk mooi na jouself Dit is nie wat jy versamel nie, maar wat jy strooi wat vertel watter soort lewe jy geleef het.



Harry Munnik


Teel met Birmingham Rollers
Brunner Pouters
Norwich Croppers
Indian Fantails
Holle Croppers
Mookees

Sel: 072 600 6919 - e-mail: munnikharry5@gmail.com


Oktober 2022



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538



## *Stukkende stukke*

***Ingestuur deur Christo Munnik***

**DIE STUKKENDE STUKKE.**

Ek is haastig gou by die supermark in....Dis Maandag en ek is alreeds amper laat  om nog kos te maak en daarna die kleingoed by die skool op te laai. Gelukkig kry ek vinnig parkeerplek en hardloop in om sommer worsies te kry ....vandag is ‘hotdog’’ aand...gelukkig onthou ek om sommer nog n bottel tamatiesous te kry want die kleingoed het my gewaarsku dis amper klaar. Ek tel n pak rolletjies en n brood op en net toe ek dit in my trollie sit is daar n vreeslike slag en toe doodse stilte... Ek stap stadig na die gang waar die tamatiesous uitgestal is en toe sien ek haar.

Oud en verrimpel...baie somers agter die rug... haar handsak het teen die bottels tamatie souse en nog vele ander souse getamp en die hele lot het met n hengse slag op die skoon supermark vloer beland....Dit net mostert en tamaiesous ens waar jy kyk....en toe sak sy af op haar hurke en begin die grootste bottelstukke met die hand bymekaar maak. Toe ek die trane sien wat oor haar wange loop en die skouertjies wat ruk...stap ek vinnig nader en begin mooi met haar praat en hurk langs haar terwyl ek help om al die groot bottelstukke almal op n hoop te plaas.Sy snik dat sy nie vir die skade sal kan betaal nie...

Die bestuurder kom vinnig nader en hou sy hand uit vir die ou dame....Kom Tannie....kom weg hier by die stukkende bottels jy gaan jouself sny...ek het stadig opgestaan en gesien hoe sy die ou verrimpelde handjie in die groot sterk man se hand plaas en hoe hy haar eenkant toe lei.. ‘’Ek is so jammer meneer...ek het n vreeslike gemors veroorsaak’’...en met trane wat oor haar wange loop kyk sy op na hom toe en se.....’’Meneer ek sal vir alles betaal, ek sal dit afbetaal uit my pensioen uit’’....

Die bestuurder het sy arm om die krom skouertjies geplaas en toe vir haar gese...’’Tannie die skoonmakers gaan nou alles opruim...en jy het nie nodig om daarvoor te betaal nie....daar is vesekering om ongelukke soos hierdie te dek.’’

Hy het met haar weggestap en terwyl ek hulle agterna kyk toe besef ek dat my lewe ook soms so n gemors is...Daar is sonde en skerp voorwerpe wat my stukkend sny...Daar is seer en skade en ek probeer ook uit my eie die gemors skoonmaak.... En terwyl jy so na die skerwer van jou lewe kyk huil jy ook want jy besef dat geen geld in die wereld hierdie gemors sal kan opruim nie.

Maar dan kom die Here na my toe....steek Sy Hand na my toe uit en help my uit die gemors...en dan verseker Hy my...’’My kind My Bloed is die versekering wat jou verlos van hierdie gemors.....Stap saam met My weg van hierdie gemors voor jy jouself verder skade aandoen en omdat My Dood op Golgota die prys betaal het...skuld jy My niks.

Moenie dat die skerp bottelstukke van hartseer en die sonde vlekke jou verder laat huil nie...Neem vanoggend Sy Hand....Hy lei jou weg en Hy is jou versekering.



National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229



**Hartoorplanting**

*Ingestuur deur Simon Jordan*

***Dis koud en alleen***
***Vrees kry sy yster greep om my hart***
***Stil lê my lyf op die koue metaal blad***
***Die reuk van middels vul die koue vertrek***
***Middels om my hart aan die lewe te hou***
***Stukkend  lewelose***
***Maar terwyl ek die masjien hoor***
***Kom die besef***
***Daar is net EEN middel vir 'n nuwe hart***
***Dan weerklink die woorde***
***Iemand moet dood***
***Met my borskas oopgekloof***
***Begin die wedloop teen tyd***
***Verwronge gedagtes***
***Laat my hulpeloos daar lê***
***Stadig sypel die ou lewe uit hom uit***
***Oop en bloot lê my hart***
***Oopgebars is een hartkamer***
***Pyn, verwerping, swak selfbeed***
***Die hartkamer langs daai een***
***Leeg, eensaam, droefheid***
***Verhard soos graniet vloei***
***Die bloed van verdriet***
***Verhard deur selfsug***
***Dan voel ek die erge pyn***
***Ek voel duiselig***
***As die gat net reggemaak kan word***
***Sodat ek kan vergeet***
***Die ou hart se lewenslig doof uit***
***Ssh … ssh***
***Kom 'n warm fluister stem***
***Daar is vir jou 'n nuwe hart***
***My Seun het gestref***
***Hy het nét vir jou gesterf***
***Sy hart sal jou lewe gee***
***Ek vasgevang in hierdie oomblik***
***In hierdie plek***
***Ja hier in hierdie hartkamer***
***Daar klop 'n nuwe hart***
***Nuwe bloed gee lewe so is ek nou***
***Aan 'n nuwe lewensaar gekoppel***
***Daar is vir jou 'n nuwe hart***
***Sy Naam is Jesus***






**Nando Oosthuizen**

**Breeder of True Performing**

**Birmingham Rollers**

**Contact Details:**

**9 Moorhen road, Herlikonpark Randfontein**

**Cell: 079 585 7631**



Januarie 2021



Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies-/-Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

National Editor - E-mail: cora.christo@gmail.com - Cell: 076 313 2873

Webpage - www.sasv-safpa.co.za/Publikasies/-/Publications/ Cell: 072 326 6064 or 084 889 3538

# Bankovs, Manie Fourie and Bertie Wessels Trophies/Trofees

**Rules**

1. The duration of the competitions will be from the 1st of July to the 30th of June.
2. An informative/factual article written and researched by a member will earn 300 points. An informative article from another source send in by a member will earn 150 points.
3. A letter from a member will receive 150 points.
4. Regional news will be awarded 200 points.
5. A match meeting report will earn 200 points.
6. A Regional, Young bird, Agricultural, District or Speciality Club show and the Championship show will earn 1 point per 1 bird, exhibited plus 200 points if areport is send with.
7. A good idea will earn 100 points.
8. A region which increases its membership as explained in 1 above will receive 100 points for every additional member.
9. For every R1 advert for The "Fancy Pigeon" a Region will receive 1 point towards the Bertie Wessels Trophy.

**NB Any member who obtain a R850 full page advert for the Magazine will earn free membership for the following year.**

**Reëls**

1. Die tydperk van die Kompetisies strek van die 1ste Julie tot die 30ste Junie.
2. 'n Leersame/feitelike artikel deur 'n lid self geskryf en nagevors verdien 300 punte. 'n leersame artikel vanaf 'n ander bron wat net deur 'n lid ingestuur is verdien 150 punte.
3. 'n Brief van 'n lid verdien 150 punte.
4. Streeknuus verdien 200 punte.
5. 'n Verslag oor 'n Duiwedag verdien 200 punte.
6. Enige Streek-, Landbou-, Jongduif- Grasperk Spesialiteitsklubskou asook Kampioenskapskou sal 1 punt per duif vertoon ontvang plus 200 punte indien 'n verslag saamgestuur is.
7. 'n Goeie idee sal 100 punte ontvang.
8. 'n Streek wat sy ledetal verhoog soos in 1 hierbo uiteengesit sal 100 punte ontvang vir elke addisionele lid.
9. Advertensiegeld wat 'n streek/lid vir "Die Sierduif" insamel, sal 'n punt ontvang vir elke rand ingesamel ten opsigte van die Bertie Wessels trofee.

**NB 'n Lid wat 'n R850 volblad advertensie vir Die Sierduif werf, sal vir die volgende jaar gratis lidmaatskap ontvang.**

## Important information

**Order from the National Ringmaster:**

**1. Book of Standards R250 each**

**2. SAFPA ties (Navy blue) R120 each**

**3. SAFPA Pocket badge (Navy blue) R70 each**

**4. SAFPA Area scroll (Navy blue) R30 each**

**5. SAFPA Honour scroll (Navy blue) R30 each**

**6. Metal Member & Judges scrolls R50 each**

**7. National pocket badges (Green) R70 each**

**8. National Honour scrolls (Green) R30 each**

**9. National Ties (Green) R120 each**

**All prices excludes Postage contact National Ringmaster Mr. Robin Prince for correct postage**

## Score board

**Bank OFS Shield**

| | |
|---|---|
| 1. Western Cape: | 1498 |

**Manie Fourie Trophy**

| | |
|---|---|
| 1. North-of-the-Vaal: | 1250 |
| 2. Eastern Region: | 1050 |
| 3. Northern Cape: | 300 |
| 4. KwaZulu-Natal: | 150 |
| 5. Western Transvaal: | 0 |
| 6. Freestate | 0 |
| 7. Eastern Province: | 0 |
| 8. SW Districts: | 0 |
| 9. Northern Freestate: | 0 |

**Om te weet hoe die punte vir die twee trofees toegeken word lees punte 1 tot 8 van die reëls boaan die kolom. /To know how the points are allocated for the two trophies read the rules from 1 to 8 in the column above.**

**Bertie Wessels Trophy**

| | |
|---|---|
| 1. Noord-van-die-Vaal | 1200 |
| 2. Vrystaat | 100 |
| 3. Noord Vrystaat | 100 |

**Die Bertie Wessels Trofee se punte gaan oor punt 9/ The points for the Bertie Wessels Trophy is according to point 9**

National Ringmaster - E-mail: safpa.rings@axxess.co.za Cell: 082 565 9022 Fax2mail: 086 730 3229